Verbintenis (commitment) vs. Oorgawe

Die woord verbintenis (commitment) is in wese nie 'n Bybelse konsep nie. Dit is min of meer sedert die 1960's dat Christenskrywers en predikers begin het om die woord te gebruik. Vandag word mense gevra om 'n '*commitment*' te maak om Christus te volg, om sendingveld toe te gaan, om finansieel by te dra of om vir iets te bid.

Die woord *verbintenis* (commitment) beteken: 'n (wetlike) verpligting, 'n kontrak wat aangegaan is; wanneer ek myself deur 'n ooreenkoms of belofte verbind om iets te doen.

Die skuiwergat met verbintenis (commitment) is dat ons nog altyd kan besluit **wat en hoeveel** ons wil 'commit'. Die besluit is nog altyd ons s'n. Ons bly steeds in beheer. Dit is meer 'n humanistiese konsep as 'n Christenkonsep.

Die Skrif praat van **oorgawe**, nie verbintenisse nie. Die definisie van oorgawe is: om eienaarskap oor te gee, jouself oorwonne te verklaar; om beheer prys te gee. Dit beteken om jou onvoorwaardelik oor te gee; die prysgee van jou wetlike regte; 'n daad van gewillige onderwerping aan outoriteit; om afstand te doen; verloëning; om te oorhandig; om 'n geveg te staak; 'n neerlaag teenoor 'n opponent te erken.

Kom ons gee onsself aan God oor. Kom ons doen afstand van ons regte. As ons onsself aan God oorgee, is dit nie ons wat besluit wat ons met ons lewens, ons besittings of ons toekoms wil doen nie. Dit is net in oorgawe dat God met ons kan doen wat Hy wil doen. Oorgawe is onvoorwaardelike toewyding, 'n onvoorwaardelike verbintenis. Dit druis in teen die grein van hierdie era van humanisme. Dit is net in algehele oorgawe dat ons regtig kan bid: "U wil geskied." Dit is in algehele oorgawe dat ons uit die pad kom sodat God in en deur ons kan werk of selfs om ons eenkant te laat staan sodat Hy deur iemand anders kan werk om gedoen te kry wat gedoen moet word.

Oorgawe is 'n absolute **daad van geloof.** Dit is om te sê: "Here, ek vertrou U." Gebed vanuit 'n posisie van oorgawe, nie as gevolg van 'n verbintenis of ooreenkoms, stel God vry om ver bo dit wat ons kan dink of droom te werk. Een van die grootste verskille tussen 'n verbintenis en oorgawe is dat deur verbintenisse (commitments) dinge van my afhanklik is; maar in oorgawe gee ek alles aan God. Ek sal faal, maar Hy sal nooit. Om myself te verbind sonder oorgawe beteken dikwels dat ekself probeer doen wat net God deur my sou kon doen as ek aan Hom oorgegee was.

'Commitment' kom ná oorgawe. Nadat ons onvoorwaardelik oorgegee het, hóú ons by ons ooreenkoms, wat ook al die prys. Vroeër of later kom die Christen se lewe op die plek waar daar 'n prys betaal moet word. Dit is hier waar oorgawe ons deurdra ongeag ons omstandighede, gebrek aan geloof, krag of onwilligheid. Ons kan onsself bv. verbind tot 'n sekere taak. Sodra ander druk kom, voel ons miskien dat ons dit net nie kan doen nie. Dit is waar oorgawe inkom: Ek bly toegewy ongeag die omstandighede.

Ons voel soms dat God ons vra om iets te doen. Na gebed en raad is ons seker dat ons moet voortgaan. Ons slaan ons hand aan die ploeg en ons begin. Maar dan duik allerhande soorte probleme op en ons voel dat ons nie kan voortgaan nie. Skielik begin ons verskonings soek: Miskien het God nie met my hieroor gepraat nie of miskien is dit tyd dat ek aan iemand anders oorgee. Te veel hoor ek mense sê: "Jy weet, God gebruik my om iets te begin en dan aan te beweeg." Ek is nie oortuig dat dit altyd waar is nie. Dit is baie maklik om iets te begin. As niks kom van dit wat ek begin het nie, kan ek ander blameer van ontrouheid of dat hulle nie luister as God met hulle praat nie. Baie dikwels is die probleem egter 'n gebrek aan oorgawe om die taak af te handel. Daar is soveel keer trots in die feit dat ons betrokke was by die begin van iets omdat ons nou kan sê: "Jy weet, dit was eintlik ek wat dit begin het." Moenie iets begin as jy jouself nie kan verbind om dit klaar te maak nie. Ons het te veel naellopers in die Koninkryk van God, maar daar is nie genoeg mense wat gewillig is om die marathon klaar te maak nie. Die Christelike wedloop is 'n marathon. God se marathon vereis opleiding, oefening, verbintenis, oorgawe én toewyding.